# MAATSKAPPYE INKOMSTEBELASTING

## Wat is nuut?

- **28 Januarie 2019 -** Die heffing van administratiewe boetes vir maatskappye inkomstebelasting (MIB)

  SARS sal MIB administratiewe boetes hef vanaf 28 Januarie 2019. Administratiewe boetes sal gehef word op maatskappye wat 'n finale aanmaning ontvang om 'n opgawe in te dien. In gevolge artikel 210 van die Wet op Belastingadministrasie van 2011, kan nie-nakoming ten opsigte van die nie-indiening van vereiste MIB-opgawes onderhewig wees aan boetes, soos volg:
  - Indien SARS bevind dat nie-nakoming deur 'n persoon, soos na verwys in subartikel (2), bestaan, uitsluitend die nie-nakoming na verwys in artikel 213, moet SARS die toepaslike 'boete' toepas ooreenstemmig die tabel in artikel 211.
  - Nie-nakoming is die versuim om aan 'n verpligting te voldoen wat opgelê word deur of ingevolge 'n wet is en gelys is in 'n openbare kennisgewing uitgereik deur die kommissaris, buiten:
    - die versuim om belasting te betaal onderhewig aan 'n persentasiedeel-gebaseerde boete ingevolge Deel C; of
    - nie-nakoming onderhewig aan 'n onderstellingboete ingevolge Hoofstuk 16.

Die boetes wissel van R250 tot R16 000 per maand wat die nie-nakoming voortsleep, afhangende van 'n maatskappy se aangeslane verlies of belasbare inkomste. Maatskappye wat uitstaande MIB-opgawes het, word versoek om hulle opgawes in te dien voor die einde van November 2018 om nie-nakoming reg te stel en die heffing van boetes te vermy.

Let asseblief dat dit verpligtend is vir geregistreerde maatskappye om hulle inkomstebelastingopgawes in te dien. Indien 'n maatskappy rustend is, word dit steeds vereis om enige uitstaande opgawes voor 2018 in te dien om boetes te vermy. Die kriteria vir die uitsondering in 2018 word uiteengesit in Kennisgewing 600 van 15 Junie 2018.

- **Maatskappye inkomstebelasting (MIB) Belastingseisoen: Belangrike veranderinge onderweg**

  SARS is in die proses om sy stelsels en prosesse op te dateer ten opsigte van die indiening van inkomstebelastingopgawes vir maatskappye om voorsiening te maak vir wetgewende veranderinge en voortdurende versterkings:
  - Versterking van die huidige ITR14-vorm om voorsiening te maak vir mees onlangse wetgewende veranderinge
  - Vooraf-voltooiïng van bepaalde spesiale toelae voorheen geëis
  - Vervanging van die ITA34 met die nuwe Kennisgewing van Aanslag (ITA34C)
  - Veranderinge aan briewe as gevolg van die naamsverandering van die ITA34 na ITA34C en die veranderinge aan wetgewing.

Vir die 2018 jaar van aanslag, is die opgawe vereistes as volg:

- Elke maatskappy of ander regspersoon wat 'n inwoner is wat:
  - bruto inkomste van meer as R1 000 gemaak het
  - bates het met 'n koste van meer as R1 000 of laste van meer as R1 000 op enige tydstip gedurende die 2018 jaar van aanslag
  - kapitaalwins of kapitaalverlies gemaak/gelei het van meer as R1 000 uit die wegmaking van 'n bate waarop die Agtste Bylaag van die Wet op Inkomstebelasting van toepassing is; of
  - 'n belasbare inkomste, 'n aangeslane verlies of 'n aangeslane kapitaalverlies gehad het, moet 'n opgawe indien.

Let asseblief dat dit verpligtend is vir geregistreerde maatskappye om hulle inkomstebelastingopgawes in te dien. Indien 'n maatskappy rustend is, word dit steeds vereis om enige uitstaande opgawes voor 2018 in te dien, om boetes te vermy.

- **7 Maart 2018 - Grasietydperk vir die indiening van die nuwe IT10B skedule vir Beheerde Buitelandse Maatskappye (CFC's)**

Op 26 Februarie 2018, is die ou IT10B Adobe PDF skedule vervang met 'n vereenvoudigde MS Excel IT10B skedule. Die nuwe skedule stel belastingpligtiges in staat om alle CFC inligting te verklaar, vanaf die 2012 jaar van aanslag, in een gekonsolideerde skedule wat nie die beperking op die oplaai van lêers op SARS eFiling oorskry nie.

Om belastingpligtiges te akkommodeer wat reeds hul CFC inligting op die ou skedule voorberei het, sal SARS 'n grasietydperk aan alle belastingpligtiges toestaan waarin die ou skedule aanvaar sal word as geldige stawende dokument vir alle inkomstebelastingopgawe indienings voor 1 Junie 2018. Die beperking dat slegs die eerste 10 skedules as stawende dokumente tot die inkomstebelastingopgawe gelaai moet word, in gevalle waar daar meer as 10 CFC's is, sal van toepassing bly ongeag of dit die ou of nuwe skedules is. SARS moedig egter belastingpligtiges, wat nog nie hul CFC ingligting begin voorberei het nie, aan om van die vereenvoudigde MS Excel IT10B skedule gebruik te maak.

Vanaf 1 Junie 2018, moet alle belastingpligtiges wat, tesame met enige verbonde persoon, minstens 10% deelnemingsregte in enige CFC hou, die CFC inligting op die nuwe IT10B skedule voltooi. Die nuwe IT10B-skedule moet as stawende dokument ten opsigte van CFC's opgelaai word vir alle inkomstebelastingopgawes wat vanaf 1 Junie 2018 ingedien word.

- **26 Februarie 2018 - Versterkings aan die Inkomstebelastingopgawe vir Maatskappye (ITR14)**

SARS het verskeie veranderinge aan die inkomstebelastingopgawe vir maatskappye ingestel op 26 Februarie 2018. Lees hier meer.

## Wat is maatskappye inkomstebelasting?

Maatskappye inkomstebelasting (MIB) is 'n belasting opgelê op maatskappye inwonend in die Republiek van Suid-Afrika (d.i. geïnkorporeer onder die wette van, of effektiewelik bestuur in die Republiek, en wat inkomste aflei binne of buite die Republiek. Nie-inwonende maatskappye wat deur 'n tak bedryf word of wat 'n permanents instelling binne die Republiek is, is onderhewig aan belasting op alle inkomste van 'n bron binne die Republiek.

## Vir wie is dit?

MIB is van toepassing (maar nie beperk tot) die volgende maatskappye wat aanspreeklik is ingevolge die Wet op Inkomstebelasting, 1962 vir die betaling van belasting op alle inkomste ontvang deur of toegeval aan hulle binne 'n finansiële jaar.

- Gelyste openbare maatskappye
- Ongelyste openbare maatskappye
- Privaat Maatskappye
- Beslote korporasies
- Koöperatiewe
- Kollektiewe beleggingskemas
- Kleinsake korporasie (art. 12E)
- Beheerliggame
- Aandeleblokmaatskappye
- Rustende maatskappye
- Openbare weldaadsorganisasies.

## Watter stappe moet ek volg?

- **Registreer as belastingpligtige**

  Elke besigheid aanspreeklik vir belasting ingevolge die Wet op Inkomstebelasting. 1962 word vereis om as belastingpligtige te registreer. Jy kan eenmalig registreer vir al die verskillende belastingsoorte by wyse van die kliënte-inligtingstelsel.

**Top wenk:** Jy moet seker maak dat jou besigheid se besonderhede op datum is voordat jy jou ITR14 indien. Besoek dus ons *keeping my business details up to date*-blad om uit vind hoe.

- **Dien jaarlikse belastingopgawe in**
  Vir die 2018 jaar van aanslag, is die opgawe-vereistes as volg:

  - Elke maatskappy of ander regspersoon wat 'n inwoner is wat:
    - bruto inkomste van meer as R1 000 gemaak het

- bates het met 'n koste van meer as R1 000 of laste van meer as R1 000 op enige tydstip gedurende die 2018 jaar van aanslag
- kapitaalwins of kapitaalverlies gemaak/gelei het van meer as R1 000 uit die wegmaking van 'n bate waarop die Agtste Bylaag van die Wet op Inkomstebelasting van toepassing is; of
- belasbare inkomste gehad het, 'n aangeslane verlies of 'n aangeslane kapitaalverlies gehad het, moet 'n opgawe indien.

Opgawes kan elektronies deur eFiling ingedien word of per hand by 'n SARS-tak waar die belastingpligtige geregistreer is.

- **Dien voorlopige belastingopgawes in**

  Bykomend tot jaarlikse opgawes, word elke maatskappy vereis om voorlopige belastingopgawes in te dien. Die eerste van sodanige opgawes word vereis om ses maande vanaf die begin van die jaar ingedien te word, en die tweede teen jaareinde, en moet 'n skatting bevat van die totale belasbare inkomste verdien of wat na verwagting verdien sal word vir daardie tydperk. Betaling van die belasting moet die opgawe vergesel. 'n Derde "optop"-betaling kan ses maande na die jaareinde gemaak word.

**Top wenk:** Wanneer jy jou opgawe indien, moet jy die SIC-kode vir jou besigheid verskaf. Om jou toepaslike kode uit te vind, klik hier.

## Wanneer moet MIB betaal word?

### Voorlopige belasting

- Eerste betaling - binne ses maande vanaf die begin van die jaar van aanslag
- Tweede betaling - op of voor die laaste dag van die jaar van aanslag
- Derde betaling - sewe maande na die jaar van aanslag vir belastingpligtiges met Februarie jaareinde en ses maande na jaar van aanslag vir alle ander gevalle.

### Belasting met aanslag

Betaling van belasting na die uitreik van 'n aanslagkennisgewing vanaf SARS, moet gedoen word binne die tydperk soos gespesifiseer in sodanige kennisgewing.

Maatskappye inkomstebelasting is betaalbaar teen 'n koers van 28%.

## Hoe moet MIB betaal word?

Betalings kan betaal word by wyse van die volgende opsies:

- Aanlyn deur jou bank
- Elektroniese fonds oordrag
- Betalings by 'n bank
- eFiling
- "Swift" betalingsmetode (slegs op buitelandse betalings van toepassing).

Let wel: Verwys asseblief na die *SARS Payment Rules*-gids vir meer inligtig oor die bogenoemde metodes van betaling.

Om die blad in ander tale te besigtig, klik op die skakels hieronder: